**1 September** **Skrifgedeelte: Spreuke 10:1-11:13**
**Fokusgedeelte: Spreuke 1:20-21**

## God se wysheid vir die mens op straat

Mense sien wysheid as die resultaat van jarelange studie uit dik akademiese boeke. In die Bybel ontmoet jy Wysheid langs die straat, op die sypaadjie, by die groenteverkoper, by die bushalte. 'n Mens is verras as Spreuke jou aan die slimste Wysheid voorstel op 'n bankie onder 'n boom, tussen die rumoer in die supermark, die geklets en aanpas in die klerewinkel, die gesteun en gekreun op die sportveld, in die lang ry motors op die oop pad. In Spreuke 1:20-21 is God verrassend nuut en vars oor wysheid. *Wysheid* is 'n gawe van God (1 Kon 3:28; Ef 3:10). Hy is volmaak wys (Ef 3:10; Luk 7:35). Die Heilige Gees gee dit aan ons (1 Kor 12:8). In *Christus* “is al die verborge skatte en wysheid en kennis te vind” (Kol 2:3). Alle *wysheid* is *Goddelike wysheid*. Dit is wysheid in die praktyk van die lewe. Dit is wysheid om daagliks te gebruik terwyl jy lewe as God se kind. God se wysheid in Christus word deur die Heilige Gees in die Bybel aan ons gegee. Daarin wil die Here ons onderrig oor ons daaglikse lewenswandel as sy uitverkore kinders (Spr 1:2). God se Woord van wysheid kan dus nie afgegrens en ingeperk word net vir jou binnekamer of net vir jou huis of studeerkamer of net vir die kerkgebou nie. Dit is nie net bedoel vir jou godsdiens nie, maar dit is van betekenis so wyd soos die lewe self is. *God se wysheid is bedoel vir jou volle praktiese lewe*.

Sing: Psalm 119:21 Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)